

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Hanukkah – Fees van Ligte: Herbesin

Inleiding en Agtergrond

Die Hebreeuse woord *Hanukkah* (*Chanukkah*) beteken *toewy of toewyding* (Strong's: H2598) en ons vind hierdie woord die eerste keer in Num. 7:10¹.

Die leiers het die inwydingsgawe (*chanukkah*) van die altaar gebring op die dag toe dit gesalf is en die leiers het hulle offer voor die altaar aangebied.

Hierdie woord kom ook op verskeie ander plekke in die Skrifte voor, soos byvoorbeeld in Dan. 3:3 met die inwyding van die goue beeld van Nebukadnésar.

Toe het die generaals van die weermag, die landmeesters, die goewerneurs, die regters, die skatmeesters, die raadslede, die advokate en al die heersers van die provinsies bymekaargekom vir die inwyding (*chanukkah*) van die beeld wat koning N'vukhadnetzar opgerig het en hulle het voor die beeld gaan staan wat N'vukhadnetzar opgerig het.

Maar wanneer verwys word na *Hanukkah* of *Chanukkah* is dit die fees van toewyding wat ingestel was na die hertoewyding van die Tempel 165 jaar voor dié Gesalfde Een. Dit word volgens die Rabbynse kalender jaarliks vanaf die 25 Kislev vir agt dae lank gevier. Volgens die Gregoriese kalender sal hierdie datum wissel en is daarom gedurende laat November of gedurende Desember en soms, soos in 2016 en 2019, val dit saam met Kersfees.

Hanukkah is egter nie deel van die vasgestelde tye (feestye; *mo'edim*) wat volgens Levitikus 23 deur יהיה ingestel was nie, en daarom kan dit nie beskou word as 'n "amptelike afspraak" met Vader-God nie. In die Skrifte van die Tanakh (ou verbond) word daar geen melding gemaak van die fees van *Hanukkah* nie, terwyl daar in die Skrifte van die nuwe verbond slegs in Joh. 10:22 verwys word na *Hanukkah* as die fees van tempelwyding (Ganukkahfees). Later meer hieroor.

Die geskiedenis wat aanleiding gegee het tot die hertoewyding van die tempel is wel opgeskryf in die Apokriewe Boeke van 1 en 2 Makkabeërs, asook in die Talmud en deur ander, ondermeer deur die eerste-eeuse geskiedkrywer, Titus Flavius Josephus. Maar uit geskiedkundige oogpunt word sommige inligting wat in Makkabeërs en die Talmud vervat is se feitlike korrektheid bevraagteken.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Aangesien *Hanukkah* dus nie een van יהוה se vasgestelde tye is nie, is dit nodig om oor die viering van hierdie fees te besin! Die feit dat *Hanukkah* nie Torah gefundeer is nie, naamlik nie deel is van die onderrig en instruksies van die eerste vyf boeke van die Afgesonderde Skrifte nie, is rede vir die vraag of hierdie fees hoegenaamd gevier behoort te word?

Die besluit om *Hanukkah* te gedenk of nie, berus egter by elkeen self! Ek vertrou dat hierdie skrywe wel sal bydra dat elkeen 'n ingeligde besluit sal neem.

***Hanukkah* En Rabbynse Judaïsme**

Wanneer ons uit die misleiding van die Christendom (kerk) kom en die pad van gehoorsaamheid aan Vader se Torah stap, is ons dikwels soos 'n drenkeling en gryp ons na enige iets wat ons help om net kop bo water te kan hou. Meestal is Judaïsme, of een of ander vorm daarvan, 'n reddingsboei waaraan ons vashou. Dit opsigself kan egter geestelik lewensgevaarlik wees, veral as die reddingsboei Rabbynse Judaïsme is, want beide die Christengeloof en Rabbynse Judaïsme² bevat ernstige misleidings en ons moet versigtig wees om nie hierdeur geestelik verblind en geestelik gebind te word nie! Ons moet altyd onthou dat ons doelwit is om in die voetspore van die gemeente van Handelingte te stap³, en dit behels om terug te keer tot יהוה se Torah soos dit in Yeshua dié Gesalfde Een vervul is en soos dit in die Skrifte van die nuwe verbond openbaar word.

Soos reeds genoem, bevat Rabbynse Judaïsme talle dwalinge en ons moet die vis van die grate kan skei. Daarom moet ons versigtig wees vir Messiaanse Judaïsme, naamlik die vermenging van vertrouwe in Yeshua as dié Gesalfde Een, met Rabbynse Judaïsme wat Yeshua verwerp en waar die Rabbis en Talmud die hoogste gesag het, ja, selfs meer gesag as יהוה en as Mosheh se Torah.

So het ons as gesin ook in die eerste jaar van ons Torahgehoorsame pad met groot ywer en opgewondenheid *Hanukkah* vir agt dae gevier volgens die vele gebruike van Rabbynse Judaïsme! Dit het vir ons so "reg gevoel", want hoe kan ons broers van die huis van Y'hudah (Juda) dan mislei wees?

Ons was dankbaar dat ons bevry was van die misleiding van Kersfees en ewe dankbaar dat ons, so het ons geglo, in die waarheid en wil van God ons Vader wandel! Met ywer en goeie bedoelings het ek dan ook artikels geskryf oor hierdie 'fees van toewyding' en dit op my webblad gepubliseer en aan my verspreidingslys gestuur!

Maar die Afgesonderde Skrifte waarsku ons om nie op ons verstand, wil en emosie te vertrou nie, want dit kan bedrieglik wees! Dit wat vir ons reg voel en reg lyk, is nie noodwendig die waarheid nie!

Bedrieglik en ernstig siek is die verstand, wil en emosie bo alle dinge; wie kan dit verstaan? Jer. 17:9.

Daarom was ons ontugtering groot om te ontdek dat ons van een misleiding bevry was, net om onself in die volgende misleiding te bevind. Ons het die misleiding van Kersfees verruil vir die misleiding van *Hanukkah*!

² In die artikel "Rabbynse Judaïsme: het Jy Geweet" ([RabbynseJudaïsmeReeks](#)) word feitelike inligting gegee oor die gevare en misleiding wat deel is van Rabbynse Judaïsme.

³ In die Voetspore van die gemeente van Handelingte: [GB.16VoetsporeGemeenteHandelingteHersienNov20](#)

Voor jy egter besluit om nie verder te lees nie, laat my toe om soos volg te verduidelik: Ons ontken nie dat Yeshua in Bethlehem gebore is en alles wat daarmee gepaardgaan soos in die Evangelies vir ons beskryf word nie, maar ons gedenk nie Kersfees nie, want dit is ‘n heidenfees wat ‘verchristen’ is⁴. Net so ontken ons nie die gebeure wat aanleiding gegee het tot die hertoewyding van die tweede tempel nie, maar ons gedenk nie *Hanukkah* nie, want dit is ‘n geskiedkundige gebeurtenis wat ‘gejudaïseer’ is. En die wyse wat Rabbynse Judaïsme dit gedenk, bevat verskeie elemente van Babiloniese afgodery!

Beide Kersfees en *Hanukkah* is dus voorbeelde van sinkretisme – die vermenging van uiteenlopende gelowe (godsdiens)! Die vermenging van die waarheid van die Afgesonderde Skrifte met die leuen van afgodery! Soos ons met groot ywer die misleiding van Kersfees ontbloot het, moet ons ook die misleiding van *Hanukkah* ontbloot!

Daarom: Wat ons aan betref, gedenk ons nie *Hanukkah* nie – beslis nie as ‘n fees nie! Daar is wel lesse om uit hierdie geskiedenis van Yisra’el te leer en wat in alle waarskynlik in die einde van dae herhaal sal word. Dit is belangrik om hiervan kennis te neem en daarvoor na te dink en waar nodig dit geestelik toe te pas! Daarom is dit belangrik om die ware betekenis van *Hanukkah* te verstaan, maar om te waak om nie die gebruike van Rabbynse Judaïsme slaafs na te volg nie!

Die Verontreiniging van die Tweede Tempel

Die geskiedenis, volgens Judaïsme en ander geskiedskrywers, wat uiteindelik aanleiding tot die verontreiniging van die tweede tempel gegee het, verskil in sekere opsigte, maar is kortliks soos volg:

In die jaar 323 voor Yeshua (vY) is Alexander die Grote op 33 jarige ouderdom dood. Die lande wat hy verower het is tussen vier van sy generaals verdeel. Generaal Ptolemeus het beheer geneem oor Egipte en aangrensende lande en dit het bekend gestaan as die Ptolomeuse Ryk. ‘n Ander generaal het beheer geneem oor Sirië en dit het bekend gestaan as die Seleucidiese Ryk.

Yisra’el / Palestina was vasgevang tussen hierdie twee Griekse Ryke en beheer oor die Jode het verskeie kere gewissel. Die aanvanklike beheer van die Ptolomeuse Ryk oor Palestina het finaal tot ‘n einde gekom toe die Seleucidiese Koning Antiochus III Palestina in die jaar 201 vY verower het. Antiochus III, het geregeer volgens die Hellenistiese model wat op lande buite Griekeland toegepas was, naamlik dat ‘ooreenkomste’ met bestaande owerhede en godsdiensgroepe gesluit was om tot ‘n groot mate ‘selfregerend’ te bly, mits hulle die nodige belastings betaal en onderdanig bly en die gepaste eer aan die koning bring. Die koning het wel by wyse van aangestelde amptenare ‘n toesighoudende rol vervul. So was die hoëpriester van die tempel in Yerushalayim ‘n regeringaanstelling!

Die Jode in en rondom Yerushalayim het dus tot ‘n groot mate voortgegaan met hulle daaglikse lewe en tempeldiens. In hierdie tydperk het talle Jode egter ge-Helleniseer deur ‘n Griekse leefwyse, en selfs Griekse afgodsdienste, aan te neem wat tot wrywing met die Ortodokse Jode gelei het.

⁴ Meer inligting oor die misleiding van Kersfees kan afgelaai word by: [KersfeesMisleiding](#) en [KersfeesTradisie](#) en [KersfeesVerhoudings](#) en [KersDilemma](#).

Hierdie onderlinge wrywing tussen die Jode het, volgens sommige bronne, bygedra tot 'n dreigende burgeroorlog en rebellie teen die Seleucidiese Ryk. Die gevolg was dat Antiochus IV, ook bekend as Antiochus Epifanus, wat Antiochus III in die jaar 171 vY opgevolg het, al die voorregte van die Jode weggeneem het en begin het om as strafmaatreeël hulle te onderdruk.

Antiochus IV het aan homself die naam Epifanus, wat *god gemanifesteer* beteken, gegee. Hy wou eenheid in sy ryk bewerkstellig en hy het die Hebreeuse (Joodse) geloof en kultuur as die struikelblok in die weg hiervan gesien.

Gevolgtlik het Antiochus begin met die onderdrukking van die Jode deur hulle te verbied om hulle geloof uit te leef. Die besit en bestudering van die Torah was selfs strafbaar met die dood en so ook die hou van die Shabbat, die besnydenis, *Rosh Kodesh* (gedenktag vir die begin van die nuwe maand) en selfs 'n kosher dieet. Antiochus wou Judaïsme deel van die Griekse godewêreld maak. Ondermeer het hy van die Joodse leierskap gedwing om varkvleis te eet en het Hy ook die tempel verontreinig deur dit aan Zeus toe te wy, dit met water te besprinkel waarin vleis gekook is en deur die offer van varke op die brandofferaltaar. Die bevolking, insluitende die Jode, moes vier keer per jaar hulle eerbied aan Epifanus gaan betoon en die dag van Shabbat is deur wetgewing vir dié doel bepaal.

'n Groot groep Jode het egter in opstand gekom onder die leiding van die priester Mattatias en sy seun Judas die Makkabeër. Dit is op hierdie punt waar daar verskillende sieninge is oor die ware verloop van die geskiedenis. Volgens Judaïsme het die Makkabeërs deur 'n tipe van gorilla oorlogvoering die Griekse weermag uiteindelik oorwin.

Ander bronne is egter van mening dat dit hoofsaaklik deur die regeringaangestelde hoëpriester Menelaus se onderhandelinge was dat die voorregte van die Jode herstel was.

Die volgende artikel wat die geskiedenis van *Hanukkah* meer volledig bespreek kan gelees en afgelaai word by: <http://marginalia.lareviewofbooks.org/re-examining-hanukkah/3/>

Ongeag wat die ware geskiedenis was, kon die tempel weer toegewy word. Dit beteken dat die tempel en die toebehoore in die tempel eers volgens Torahvoorskrif gereinig moes word, alovrens dit weer die geskikte plek van afsondering (die heiligdom) van יהוה-God kon wees waar die priesters offerandes en dienswerk kon verrig. Die hertoewyding van die Tempel het op die 25 Kislev in die jaar 165 voor Yeshua plaasgevind.

In 2 Makkabeërs 10:1-9 lees ons die volgende (Apokriewe Ou en Nuwe Testament; Christelike Uitgewersmaatskappy; ISBN 1-77000-192-1):

Makkabeus en sy vriende het met die hulp van die Here die tempel en die stad teruggevat.

Hulle het die altare stukkend geslaan wat die heidene op die markplek gebou het, asook by van hulle ander heilige plekke.

Hulle het die tempel gereinig en 'n nuwe altaar gebou. Met vuurstene het hulle die vuur vir die offer vir die eerste maal in twee jaar weer op die altaar aangesteek. Wierook is gebrand, lampe aangesteek en die spesiale brood (die Brood van Teenwoordigheid) uitgehaal.

Daarom het hulle voor die Here op hulle knieë gegaan en Hom gesmeek om nie toe te laat dat hulle weer so swaarkry nie. As hulle miskien weer op 'n stadium sou sondig,

moet Hy hulle nie te hard straf nie. Hulle het Hom gevra om hulle asseblief nie weer aan die lasterlike en barbaarse heidene uit te lewer nie.

Die tempel is weer geheilig op dieselfde datum wat die heidene dit verontreinig het: op 25 Kislev.

Vir agt dae lank het die Jode vreugdevol en uitbundig feesgevier net soos met die fees van Hutte. Hulle het daaraan gedink dat hulle nie lank terug nie nog die Fees van Hutte soos wilde diere in die grotte in die berge moes vier.

Hulle het gevlegde takke, takke met blare aan en palmtakke gedra terwyl hulle uit dankbaarheid lofliedere aan God gesing het. Hulle het Hom geloof wat Sy eie plek laat reinig het.

Hulle het 'n wet voor almal gemaak dat al die Jode hierdie fees jaarliks moes vier.

Dis die einde van die verhaal van Antiochus IV Epifanus.

Die webwerf “My Jewish Learning” is bevestiging van bogenoemde:

The first Hanukkah celebration was actually a delayed Sukkot observance. The second book of Maccabees quotes from a letter sent circa 125 BCE from the Hasmoneans (the Macabees' descendants) to the leaders of Egyptian Jewry, describing the holiday as “the festival of Sukkot celebrated in the month of Kislev rather than Tishrei.” Since the Jews were still in caves fighting as guerrillas on Tishrei, 164 BCE, they had been unable to honor the eight-day holiday of Sukkot, which required visiting the Jerusalem Temple; hence it was postponed until after the recapture of Jerusalem and the rededication of the Temple. Many scholars believe it is this connection to Sukkot – and not the Talmudic legend of the cruse of oil that lasted eight days – that explains why Hanukkah is eight days long.

<http://www.myjewishlearning.com/article/9-things-you-didnt-know-about-hanukkah/>

Volgens die geskiedenis is dit dus baie duidelik dat die wyse hoe die herdenking van die hertoewyding van die tempel aanvanklik gevier was, bykans soos dag en nag verskil van hoe dit huidig gevier word! Die oorspronklike bedoeling was om vir agt dae lank vreugdevol en uitbundig fees te vier vir die oorwinning oor die lasterlike en barbaarse heidene. Dit was as te ware 'n ‘tweede’ Sukkot!

Maar dit was Rabbynse Judaïsme wat vele jare later hierdie ‘fees’ *Hanukkah* genoem het. So ook is die sogenaamde wonderwerk van die een houer spesiale olyfolie wat vir agt dae gebrand het, terwyl dit net genoeg was vir een dag, deel gemaak van die sogenaamde geskiedkundige gebeure tydens die hertoewyding van die tempel. Op dié wyse het hulle die fokus van die eintlike doel van die fees verbloem met die byvoeging van verskeie ander gebruike en tradisies.

Die ‘wonderwerk’ van die olie is slegs opgeteken in die Talmud (*Babylonian Talmud, Tractate Shabbat, Chapter 21*), terwyl geskiedskrywers soos Josephus en ander, asook die twee boeke van die Makkabeërs nie daarvan melding maak nie.

Verskeie bronne van Judaïsme erken dat die sogenaamde wonderwerk van die olie 'n latere oorlewering is wat toegevoeg was tot die wyse van hoe *Hanukkah* gevier word. Hierdie ‘wonderwerk’ is die waarskynlike rede hoekom *Hanukkah* ook later bekend geword het as die Fees van Ligte.

Hierdie fabel het ook aanleiding gegee tot die tradisie om tydens hierdie fees 'n *Hanukkah-menora*, bekend as 'n *Hanukkiah* aan te steek. Die *Hanukkiah* het nege kerse in plaas van die

sewe van die Tempelmenora. Die agt kerse (ligte) simboliseer die sogenaamde wonderwerk van die agt dae wat die een houer met olie gebrand het. Die middelste kers staan bekend as die *shammash* (die dienskneg) en word gebruik om die ander kerse mee aan te steek.



Die *Hanukkiah* vorm die middelpunt van die herdenking van *Hanukkah*

Op dag een van die fees word een kers aangesteek en op dag twee word twee kerse aangesteek tot al agt kerse op die laaste dag brand! Die feit dat die middelste kers bekend staan as die *shammash* en *Hanukkah* ook die Fees van Ligte genoem word, is beduidend van die Babiloniese invloed waar *Shamash* as die Songod aanbid was soos die volgende bronne bevestig:

The shamash was the Babylonian God Sun. When Jews were in Babylonian Captivity they may have been influenced by additional light for Shamash to avoid offence against Babylonians. (http://www.academia.edu/9547054/Origination_of_Festival_of_Lights-Diwali_Hindu_Akitu_Sumerian_Hanukkah_Jewish_and_other_Holidays_connected_with_Astrological_calendars_and_myths).

Shamash, (Akkadian), Sumerian ***Utu***, in [Mesopotamian religion](#), the god of the sun, who, with the [moon god, Sin](#) (Sumerian: Nanna), and [Ishtar](#) (Sumerian: Inanna), the goddess of Venus, was part of an astral triad of divinities. Shamash was the son of Sin. Shamash, as the [solar deity](#), exercised the power of light over darkness and evil. In this capacity he became known as the god of [justice](#) and [equity](#) and was the judge of both gods and men. (According to [legend](#), the Babylonian king [Hammurabi](#) received his code of laws from Shamash.) At night, Shamash became judge of the underworld. (<https://www.britannica.com/topic/Shamash>)

Shamash was the solar deity in ancient Semitic religion, corresponding to the Sumerian god Utu. Shamash was also the god of justice in Babylonia and Assyria (Wikipedia).

Daar bestaan ook genoegsame bewyse dat die aansteek van kerse ‘n Babiloniese oorsprong het en wat te make het met die herfsewening in die Noordelike halfrond. Die Babiloniese fees van ligte het na talle ander kulture en gelowe versprei waarvan *Diwali*, wat deel is van Hinduïsme en Sikhisme se feeste, die bekendste is! Is dit toevallig dat *Diwali* se letterlike betekenis *ry van ligte* is? Is dit toevallig dat *Hanukkah*, Kersfees en *Diwali* met ‘n feestyd van ligte verbind word en al drie ongeveer dieselfde tyd van die jaar gevier word?

Daarom moet ons besef dat *Hanukkah* nie die Fees van Ligte is nie en dit is nie ‘n vasgestelde tyd (*mo'edim*) van יהוה nie!! *Hanukkah* beteken toewyding! Is dit dus geregverdig om die feit dat Yeshua die Lig van die wêreld is met *Hanukkah* te vereenselwig? Vereer ons יהוה en Yeshua op hierdie wyse?

Sommige se verweer is dat dit wel geregverdig is, want ‘n geestelike waarheid word op dié wyse, veral aan kinders, geleer! Regtig? Ons kan tog nie ‘n leuen gebruik om ‘n geestelike

waarheid aan ander te leer nie, want dan is selfs die viering van Kersfees geregverdig!! Selfs in Rabbynse Judaïsme word daar debat gevoer oor die gewenstheid om kinders van kleintyd af hierdie oorlewering te vertel en die klem op die ‘wonderwerk’ van die olie te plaas, terwyl die werklike wonderwerk die oorwinning van dit wat afgesonder (heilig) vir God is oor dit wat nie afgesonder en wat onrein is.

Daar is dus genoegsame bewys dat die aansteek van die kerse van die *Hanukkiah*, en talle ander gebruike rondom hierdie fees, tradisie is wat nie deel van die oorspronklike herdenking van Hanukkah was nie.

Die Vraag?

Is die wyse wat *Hanukkah* huidig gevier word ‘n onskuldige tradisie wat ons maar kan navolg? Mag ons die Tempelmenora naboots en ‘n *Hanukkah*-menora elke aand vir 8 dae aansteek terwyl ons ‘n seënged bid wat begin met die woorde: *Geseënd is יהוה ons God en Koning van die heelal wat ons geheilig het deur die opdrag om die Hanukkahkerse aan te steek.....*, terwyl ons weet dat hierdie opdrag nie in die Afgesonderde Skrifte is nie? Is die sogenaamde wonderwerk van die olie ‘n onskuldige leuen wat ons aan ons kinders mag oorvertel vanweë die geestelike betekenis daarvan? Mag ons maar geskenkies aan mekaar uitdeel en ons huise met liggies versier? Is ons nie besig met sinkretisme (vermenging met afgodery) indien ons hierdie gebruike navolg nie?

Daar bestaan ook genoegsame bewyse dat die huidige wyse wat *Hanukkah* gevier word sterk deur die viering van Kersfees beïnvloed was, veral die gee van geskenke wat vele jare later, veral in die VSA, as gebruik gevestig is, sowel as die vrolike gekleurde liggies wat in talle huise brand. Ja, selfs ‘n “*Hanukkah bush*” wat versier word, het deel van die feesviering geword.



Soos Kersfees “verchristen” is, so word Hanukkah ook deur sommige in die Messiaanse Beweging (“Hebrew Roots Movement”) “verchristen”

Dit is daarom nie vreemd dat talle Christene, en die wêreld, *Hanukkah* beskou as die Jode se Kersfees nie!! Die herdenking van *Hanukkah* het ‘n *Kersnukkah-fees* geword!! Tradisie is nie noodwendig verkeerd nie, maar wanneer dit met leuens en afgodery vermeng word, is dit ‘n gruwel vir ons Skepper-God.

Ons kan tog nie die viering van Kersfees veroordeel nie, terwyl ons self skuldig staan aan soortgelyke tradisie waar waarheid en leuen vermeng word. Goeie bedoelings, soos met die vier van Kersfees, is nie ‘n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie. Dit is die les wat koning Saul ondermeer geleer het toe hy die Amalekiete verslaan het en alles met die banvloek moes getref het, maar van die diere gespaar het om aan יהוה te offer!!

22 Sh’mu’el het gesê: “Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in

gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme,
 23 want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”
 1Sam. 15:22-23.

Opsomming: Dit is bevestigde geskiedkundige gebeure wat aanleiding tot die hertoewyding van die tempel gegee het, maar die wonderwerk van die olie is ‘n fabel wat die ware wonderwerk van *Hanukkah* oorskadu. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die Fariseërs dat die klem met die vier van *Hanukkah* na die menora en olie verskuif het. Talle van die gebruikte tydens die viering van *Hanukkah* is bygevoegde tradisies wat deur Kersfees beïnvloed was en eers vele eeue na die hertoewyding van die tweede tempel bygevoeg is. Ja, selfs so onlangs as die negentiende eeu!

Dan moet ons ook vra: Hoekom word die wonderdadige oorwinning van die Makabeërs oor Antiochus IV gedenk en geen ander wonderdadige oorwinnings in Yisra’el se geskiedenis nie? Byvoorbeeld: Hoekom word die verwoesting van Jerigo se stadsmuur nie gedenk nie (Josua 6)? En hoekom word die oorwinning van Gideon en sy 300 manskappe oor die Midianiete nie gedenk nie (Rigters 7)? *Hanukkah* word gedenk bloot omrede dit Joodse tradisie is – ‘n tradisie wat deurstek is van afgodery en waar sekere feite volgens Rabbynse Judaïsme se oorlewering, leuens is!

Wat Word Tydens *Hanukkah* Gedenk?

Ons weet dat יהוה-God ons nie beveel het om *Hanukkah* te gedenk nie. Die vraag is dus of ons dit mag gedenk, en indien dit gedenk word, hoe moet dit gedoen word? Ons het reeds gesien dat die wonderwerk van die olie ‘n fabel is en dus nie die doel van *Hanukkah* moet wees nie. Daarom is *Hanukkah* nie die Fees van Ligte nie! Die “wonderwerk” van ‘n relatief klein groepie Jode wat die magtige Griekse weermag oorwin het, word ook bevraagteken!

Dit is ‘n feit dat die verontreiniging van die tweede tempel wel plaasgevind het. Daarom moet ons, in die lig van die waarheid, vra of *Hanukkah* nie net as ‘n herinnering moet dien dat reinheid oor onreinheid geseëvier het en dat afgodery nie in יהוה se teenwoordigheid geduld kan word nie?

Hanukkah moet ons ook herinner aan die feit dat die gees van die teëstander (antimessias) eeue gelede in die tempel gemanifesteer het en weer in die laaste dae in die beplande derde tempel *as God sal sit en voorgee dat hy God is* (2Thess. 2:3-5).

- 3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie omdat ‘n opstand eers moet kom en die man van sonde eers openbaar moet word, die seun van vernietiging,
- 4 die teëstander wat homself hoër lig bo elke ding wat god genoem word of ‘n voorwerp van aanbidding is, net soos hy in die tempel van God as god sal sit en voorgee dat hy God is.
- 5 Onthou julle nie dat ek hierdie dinge vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?

Antiochus Epifanus wat geglo het dat hy *god gemanifesteer* was, is die heenwysing na die teëstander. Soos daar die afvalligheid en misleiding onder talle van die Jode tydens die regering van Antiochus plaasgevind het, so sal dit weer aan die einde van dae gebeur. Die geskiedenis sal herhaal word – die einde word deur die begin bekend gemaak!

Die gees van die teëstander is reeds vir eeue werksaam en die Skrifte, asook die geskiedenis, leer ons dit en leer ons om daarteen te waak.

Maar waarskynlik die belangrikste is dat *Hanukkah* ons ook moet herinner dat ons deur vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een die tempel van יהיה is.

Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel van die Gees van Afsondering is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, nie? Julle behoort nie aan julleself nie, want julle is gekoop vir ‘n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. 1Kor. 6:19.

Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: “Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My ‘n volk wees. 2Kor. 6:16.

Laat ons gereeld ons tempel reinig van alle onreinheid en afgodery. Laat ons ook ons liggame as ‘n afgesonderde en aan God welgevallig offer bring sodat dit ‘n geskikte woonplek vir יהיה ons Vader deur Sy Gees sal wees.

¹ Daarom smee ek julle, my broers, deur die guns van God, dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

² en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Rom. 12:1-2.

Yeshua en *Hanukkah*

Die enigste verwysing in die Skrifte na Hanukkah vind ons in Joh. 10:22-23.

²² Dit was die Hanukkahfees in Yerushalayim; dit was winter

²³ en Yeshua het in die tempel, in die pilaargang van Shlomo, geloop.

Die feit dat Yeshua wel tydens *Hanukkah* in die Tempel was, is nie rede om te glo dat Hy dit wel gedenk het nie! Indien ons Joh. 10:22-42 noukeurig lees, dan sien ons dat Yeshua die geleentheid gebruik het om te getuig dat Hy die Seun van God is.

Almal wat met die fees van toewyding in die tempel was, het die geskiedenis geken en gewet dat Antiochus Epifanus *god gemanifesteer* beteken. So lees ons dan wat Yeshua aan die Jode wat Hom omring het en wou stenig gesê het (Joh. 10:24-30):

²⁴ Die Jode het Hom omring en vir Hom gesê: “Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U Die Gesalfde Een is, sê dit vir ons reguit.”

²⁵ Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Ek het dit vir julle gesê en julle vertrou nie. Die dade wat Ek in die Karakter en Outoriteit van My Vader doen, dié getuig van My,

²⁶ maar julle vertrou nie, want julle is nie van My skape nie, net soos Ek vir julle gesê het.

²⁷ My skape hoor My stem, Ek ken hulle en hulle loop saam met My.

²⁸ Ek gee ook aan hulle die ewige lewe en hulle sal vir ewig nie vernietig word nie en niemand sal hulle uit My hand ruk nie.

29 My Vader, wat hulle aan My gegee het, is groter as almal en niemand kan hulle uit die hand van My Vader ruk nie.
30 Ek en My Vader, Ons is een.”

Verder het Yeshua ook vir hulle gesê:

34 Yeshua antwoord hulle: “Is daar nie in julle wet geskrywe: ‘Ek het gesê, julle is gode (elohee),’ nie?
35 As dit hulle gode (elohee) noem tot wie die Woord van God (eloha) gekom het en die Skrif nie gebreek kan word nie,
36 sê julle vir Hom wat die Vader afgesonder en in die wêreld ingestuur het: ‘U praat kwaad teen God (eloha)’ omdat Ek gesê het: ‘Ek is die Seun van God (eloha)’?
37 As Ek nie die daade van My Vader doen nie, moet julle My nie vertrou nie,
38 maar as Ek dit doen, al vertrou julle My nie, vertrou die daade sodat julle kan weet en vertrou dat die Vader in My is en Ek in Hom.” Joh. 10:34-38.

Hiervolgens is dit duidelik dat Yeshua vir hulle gesê het dat Hy die manifestasie van יהוה-God is! Die Vader is in Yeshua en Yeshua is in die Vader.

Ja, Yeshua was in die tempel tydens die herdenking van die tempeltoewyding. Ons weet egter dat die wonderwerk van die olie en ander tradisies eers vele jare later deur Judaïsme bygevoeg is en dat Yeshua dus nie Hanukkah op dié wyse sou gedenk het nie.

Slotsom

Volgens die geskiedenis kan ons wel met sekerheid sê dat *Hanukkah* ‘n tempel gesentreerde gedenkgeleentheid was, want dit het immers gegaan oor die hertoewyding van die tweede tempel. Is die wyse hoe *Hanukkah* gedenk moet word nie juis te vinde in hierdie waarheid nie? Hanukkah herinner ons daaraan dat ons die tempel van die Gees wat Afgesonderd is (1Kor. 6:19) en dat ons daagliks ons gees, siel en liggaam aan יהוה moet hertoewy (Rom. 12:1-2). Dit is ook ‘n herinnering dat ons nie kan toelaat dat die gees van die teëstander, en dus van wetteloosheid (Torahloosheid), in ons tempelwoning as god sit nie!

Indien Hanukkah volgens Rabbynse Judaïsme gedenk word, moet die waarskuwing, of liewers die opdrag, in Open. 18:4 onthou word:

Ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep”.

Dit is tyd dat ons vrykom van Rabyne Judaïsme en יהוה in Gees en Waarheid dien (Joh. 4:23-24)!

Dan moet ons ook die vraag vra: Hoekom maak die Messiaanse Beweging, soos die Jode, so ‘n groot ophef van *Hanukkah* terwyl daar van ander ewe belangrike oorwinnings in Yisra’el se geskiedenis nie dieselfde ophef gemaak word nie?

Laat ons altyd onthou dat יהוה ons God en Vader van ons gehoorsaamheid vereis en dat ons deur Yeshua aan Hom aanvaarbare offers moet bring! Is die viering van Hanukkah volgens die gebruike van Rabbynse Judaïsme of op enige ander wyse ‘n aanvaarbare offer?

Ander bronne vir verdere studie:

- *Hanukkah Revisted*: (<https://www.youtube.com/watch?v=KQ1HMAdiZw&feature=youtu.be>) van Matthew Nolan
- *Hanukkah: Fact and Fiction*: (<https://www.nehemiaswall.com/hanukkah-fact-fiction>) van Nehemia Gordon.
- *The Mo'edim: Hanukkah*: (<https://www.youtube.com/watch?v=CzDheLZLyrg>) van 119 Ministries.
- The Story of Chanukah: (<https://www.youtube.com/watch?v=6NcTrY5O4CA>) van Messianic Torah Observant Israel.

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.